

**Woensdag 27 Desember**

**Skrifgedeelte: Markus 1:9-15**

**Fokusgedeelte: Markus 1:15**

**Die tyd van die koninkryk is hier!**

Ingrypende gebeure word beskryf, nie net vir die man van Nasaret nie, maar vir die koninkryk van God en die hele mensdom. Jesus se openbare optrede het pas begin. Hy dring aan om deur Johannes gedoop te word. Daarmee saam is die hemelse aankondiging: *“Jy is my geliefde Seun. Oor jou verheug Ek My”* (1:11). Dan slaan die teëkoning, Satan, toe. Hy versoek Jesus om op ’n ompad-manier koning te word. Jesus weerstaan die versoekings.

Nou was die tyd ryp vir Jesus se gesagvolle optrede. Hy kondig die koninkryk van God aan. Hy is self Koning, wat ’n nuwe tydvak inlui. *“Die tyd het aangebreek, en die koninkryk van God het naby gekom”* (1:15). Dit is die evangelie wat Jesus bring, die blye boodskap dat die Koning hier is (1:14). Die profesieë oor die Messias-koning, die Verlosser, het in vervulling gegaan.

Die koninkryk van God was nog altyd daar. Nou word dit egter sigbaar. Jesus dryf duiwels uit, maak siekes gesond, preek met gesag, en oorwin uiteindelik die dood, nadat sy verlossingswerk aan die kruis volbring is. Die koninkryk het deurbreek en sal soos ’n mosterdsaad groei totdat Jesus weer kom.

Intussen is Jesus se sterk appèl: *“Bekeer julle!” “Glo!”* Dit is ’n dringende oproep. Ons kan dit nie ignoreer nie. Bekering hou in om Jesus as Christus te erken en in die geloof te aanvaar. So kry jy deel aan sy koninkryk. Verder moet ons aan die Koning gehoorsaam wees en Hom volg.

Doen dit! Daadwerklik! Met oortuiging!

*Sing: Psalm 145-1:1, 12*

*Dr. WC (Callie) Opperman (Windhoek-Suid)*